

ST. PETRONAX

6 MEI

(sterf 747)



Hy word tereg beskou as die Tweede Stigter van die beroemde Benediktyne abdy van Monte Cassino. Hy was 'n Benediktyne monnik wat in die jaar 717 'n pelgrimsreis na die graf van die heilige Benedictus by Monte Cassino onderneem het. Toe die Lombarde in 581 Italië binnegeval het, is dié abdy, wat St. Benedictus opgerig het, ernstig beskadig en teen die tyd van Petronax se besoek was dit 'n ruïne met 'n paar monnike wat 'n ellendige bestaan tussen die murasies gevoer het. Petronax besef dat dit sy lewenstaak sou wees om dié vervalde abdy tot sy voormalige glorie te herstel. Hy verkry van pous Zacharias die oorspronklike Lewensreël van St. Benedictus en begin om die gemeenskapslewe te laat herlewe soos hy ook terselfdertyd besig was om die abdy te herbou. Hy word tot ab verkies en onder sy liefdevolle leiding herleef Monte Cassino weereens as die hoofbron van die Benediktyne kloosterlewe in die hele Europa.